# Reëls oor honde ís afdwingbaar



TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za

## DEELTITEL-FORUM

Soms wen jy en soms verloor jy – so is die lewe maar.

Só het die bestuur van 'n vooraanstaande huiseienaarsvereniging dit ook ondervind met twee sake wat in die hooggeregshof in Durban gedraai het.

Interessant genoeg het dieselfde hof tot 'n mate twee uiteenlopende standpunte gehandhaaf.

Albei uitsprake het belangrike raakpunte met deeltitelbestuur gehad. Ek bespreek vandag die een wat met die aanhou van troeteldiere verband hou. Volgende week gaan ek die saak rakende spoedbeperkings van nader bekyk.

**'n Huiseienaar wat** in die behuisingsoord Mount Edgecombe woon ('n prokureur nogal) het 'n St. Bernard-hond aangeskaf sonder om die nodige toestemming daarvoor te bekom.

Toe hy daarop gewys word dat hy toestemming van die bestuur benodig, doen hy wel formeel aansoek, maar dit word van die hand gewys.

Daarna doen hy by die hooggeregshof aansoek vir 'n bevel wat die bestuur gelas het om die saak te heroorweeg en hul diskresie behoorlik uit te oefen.

Ek het die betrokke gedragsreël van die skema vertaal en dit lui as volg:

"Skriftelike toestemming moet van die huiseienaarsvereniging verkry word voordat enige hond in die oord gebring mag word. Sodanige toestemming sal nie onredelikerwys weerhou word nie, mits aan die volgende voorwaardes voldoen word, naamlik: Die hond moet klein wees en nie van 'n tipe wat bekend vir aggressie is nie. Wat grootte betref mag dit nie meer as 20 kg weeg as die dier volgroeid is nie."

> “
> **'n Huiseienaar wat in Mount Edgecombe woon ('n prokureur nogal) het 'n St. Bernard-hond aangeskaf sonder om die nodige toestemming daarvoor te bekom.**

**Die hondeienaar se** saak was dat die reël op 'n redelike wyse toegepas moet word en dat die inhoud van die reël 'n diskresie aan die bestuur laat wat hulle nie behoorlik uitgeoefen het nie.

Hierdie redenasie is ondersteun deur getuienis dat etlike honde van meer as 20 kg reeds in die oord teenwoordig was.

Daar is ook geargumenteer dat die bestuur tog wel 'n diskresie sou kon uitoefen indien die dier 'n leihond vir 'n blinde persoon sou wees.

Voorts het die applikant bewys gelewer, in die vorm van 'n verslag deur 'n kundige, dat dié tipe hond nie aggressief is nie en geen gevaar inhou vir die wildlewe in die oord nie.

Dit is deur almal aanvaar dat die verwagte gewig van die volgroeide hond die 20 kg-perk by verre sou oorskry. Nogtans is aangevoer dat die bestuur hul diskresie moes uitoefen.

Gedurende die hondeienaar se aansoek aan die bestuur, het die oordbestuurder hom meegedeel dat 'n "interne reël" intussen aanvaar word dat die gewig van honde nie meer 'n oorweging is nie. Dit het 'n indruk by hom geskep dat sy aansoek suksesvol sal wees. Die hondeienaar het toe in die hof aangevoer dat 'n verwagting geskep is waaraan die oord se bestuurskomitee gebonde moet wees.

**Wat die laasgenoemde** argument betref, was die hof se eenvoudige uitgangspunt dat die oordbestuurder 'n werknemer was en geen verwagting wat hy kon skep, op 'n beslissing van die bestuurskomitee kan neerkom nie.

Die kwessie rondom diskresie was egter minder eenvoudig gewees. Die hondeienaar se saak het op 'n inleiding tot die reëls berus wat as volg lui:

"The rules should not however be seen as either unduly restrictive or punitive, but rather as a framework to safeguard and promote appropriate, sensible and fair interaction amongst residents and the estate."

Hieruit kan jy aflei dat die bestuur wel diskresie het by die toepassing van die reëls.

Die regter bevind toe dat die bestuur wel oor sekere beperkte diskresies beskik. Om die vraag te beoordeel of 'n hond wanneer dit volgroeid is die 20 kg-perk sal oorskry, verg 'n sekere mate van diskresie. Dit was egter nie in die huidige geval ter sprake nie.

So ook moet die bestuur diskresie uitoefen in die geval van 'n gidshond – wat hier ook nie ter sprake is nie. Alhoewel hierdie diskresies mag bestaan, sou die applikant se gevraagde afwyking nie die redelike of korrekte toepassing van die reël wees nie.

Die regter het dit as volg gestel: "That cannot in my view mean that there is a discretion to admit breeds which are expected ultimately to exceed the limit."

Die bestuur moet ten tyde van die aansoek beoordeel of 'n hond by volwassenheid meer as 20 kg sal weeg, en daarvolgens hul toestemming gee of weier.

Indien dit later sou blyk dat die 20 kg-perk oorskry word, sou die toestemming steeds geldig bly.

Die argument dat ander groot honde in die verlede toegelaat is, raak ook nie die huidige geval nie – of die bestuurskomitee vroeër 'n fout mag gemaak het of nie.

**Die hondeienaar se** hofaansoek het dus misluk.

Die hof bevind dat, afgesien van enige munisipale reëls wat geld ten opsigte van die aanhou van honde, die huiseienaarsvereniging oor die mag beskik om aanvullende reëls op te stel en af te dwing.

En dit is hier waar ek 'n appeltjie te skil het met die hofuitspraak waarna ons volgende week gaan kyk.